## DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

No. 1374 11 Augustus 1972

### VERKLARING VAN NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID

Kragtens artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Johannes Petrus van der Spuy, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die eiendom bekend as die Rynse Pastorie-kompleks, Stellenbosch, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die historiese Rynse Pastorie-kompleks te Stellenbosch, wat geleë is op die volgende eiendomme en wat aan die hieronder genoemde eienaars, as verteenwoordigers van die Kaapse Provinsiale Administrasie, behoort:

A. Die Provinsiale Sekretaris en die Superintendent-generaal van Onderwys in hul hoedanigheid van Onderwys-trustees kragtens artikel 193 van Ordonnansie 20 van 1956 en dié se opvolgers in titel of regverkrygendes as die geregistreerde eienaars van—

(i) sekere stuk grond, geleë in die munisipaliteit en afdeling Stellenbosch, synde Erf 630, Stellenbosch, groot vierduisend vierhonderd vier-en-tagtig (4 484) vierkante voet. Transportakte 27503/1965, gedateer 29 Oktober 1965 (paragraaf 1);

(ii) sekere stuk grond, geleë soos hierbo, synde Erf 636, Stellenbosch, groot twee-en-twintig (22) vierkante voet. Transportakte 27503/1965, gedateer 29 Oktober 1965 (paragraaf 2);

(iii) sekere stuk grond, geleë soos hierbo, synde Erf 629, Stellenbosch, groot eenduisend negehonderd vier-en-veertig (1 944) vierkante voet. Transportakte 27503/1965, gedateer 29 Oktober 1965 (paragraaf 3);

(iv) sekere stuk grond, geleë soos hierbo, synde Erf 619, Stellenbosch, groot elf (11) vierkante roede een-en-tagtig (81) vierkante voet. Transportakte 27503/1965, gedateer 29 Oktober 1965 (paragraaf 4);

(v) sekere stuk grond, geleë soos hierbo, synde Erf 618, Stellenbosch, groot elf (11) vierkante roede een-en-tagtig (81) vierkante voet. Transportakte 27503/1965, gedateer 29 Oktober 1965 (paragraaf 5);

(vi) sekere stuk grond, geleë soos hierbo, synde Erf 621, Stellenbosch, groot nege-en-twintig (29) vierkante roede honderd-en-sewe (107) vierkante voet. Transportakte 27503/1965, gedateer 29 Oktober 1965 (paragraaf 6);

(vii) sekere stuk grond, geleë soos hierbo, synde die restant van Erf 631, Stellenbosch, groot soos per restant negentien (19) vierkante roede agtien (18) vierkante voet. Transportakte 27503/1965, gedateer 29 Oktober 1965 (paragraaf 7);

(viii) sekere stuk eiendomsgrond, geleë soos hierbo, synde die restant van Erf 614, Stellenbosch, groot soos per restant sewe-en-twintig (27) vierkante roede ses (6) vierkante voet. Transportakte 27503/1965, gedateer 29 Oktober 1965 (paragraaf 8);

(ix) sekere stuk grond, geleë soos hierbo, synde Erf 626, Stellenbosch, groot elf (11) vierkante roede vyftien (15) vierkante voet. Transportakte 27503/1965, gedateer 29 Oktober 1965 (paragraaf 9);

(x) sekere stuk grond, geleë soos hierbo, synde die restant van Erf 622, Stellenbosch, groot soos per restant ses-en-dertigduisend agthonderd nege-en-sewentig (36 879) vierkante voet. Transportakte 27503/1965, gedateer 29 Oktober 1965 (paragraaf 10).

B. Die Waarnemende Provinsiale Sekretaris en die Superintendent-generaal van Onderwys in hul hoedanigheid van Onderwys-trustees kragtens artikel 193 van

## DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

No. 1374 11 August 1972

### DECLARATION OF A NATIONAL MONUMENT

Under section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Johannes Petrus van der Spuy, Minister of National Education, hereby declare the property known as the Rhenish Parsonage Complex, Stellenbosch, to be a national monument.

*Description*

The historic Rhenish Parsonage Complex at Stellenbosch, situate on the following properties and belonging to the owners mentioned hereunder, as the representatives of the Cape Provincial Administration:

A. The Provincial Secretary and the Superintendent-general of Education in their capacity as Educational Trustees in terms of section 193 of Ordinance 20 of 1956 and their successors in title or assigns as the registered owners of—

(i) certain piece of land, situate in the Municipality and Division of Stellenbosch, being Erf 630, Stellenbosch, measuring four thousand four hundred and eighty-four (4 484) square feet. Deed of Transfer 27503/1965, dated 29 October 1965 (paragraph 1);

(ii) certain piece of land, situate as above, being Erf 636, Stellenbosch, measuring twenty-two (22) square feet. Deed of Transfer 27503/1965, dated 29 October 1965 (paragraph 2);

(iii) certain piece of land, situate as above, being Erf 629, Stellenbosch, measuring one thousand nine hundred and forty-four (1 944) square feet. Deed of Transfer 27503/1965, dated 29 October 1965 (paragraph 3);

(iv) certain piece of land, situate as above, being Erf 619, Stellenbosch, measuring eleven (11) square roods eighty-one (81) square feet. Deed of Transfer 27503/1965, dated 29 October 1965 (paragraph 4);

(v) Certain piece of land, situate as above, being Erf 618, Stellenbosch, measuring eleven (11) square roods eighty-one (81) square feet. Deed of Transfer 27503/1965, dated 29 October 1965 (paragraph 5);

(vi) certain piece of land, situate as above, being Erf 621, Stellenbosch, measuring twenty-nine (29) square roods one hundred and seven (107) square feet. Deed of Transfer 27503/1965, dated 29 October 1965 (paragraph 6);

(vii) certain piece of land, situate as above, being the remainder of Erf 631, Stellenbosch, measuring as per remainder nineteen (19) square roods eighteen (18) square feet. Deed of Transfer 27503/1965, dated 29 October 1965 (paragraph 7);

(viii) certain piece of freehold land, situate as above, being the remainder of Erf 614, Stellenbosch, measuring as per remainder twenty-seven (27) square roods six (6) square feet. Deed of Transfer 27503/1965, dated 29 October 1965 (paragraph 8);

(ix) certain piece of land, situate as above, being Erf 626, Stellenbosch, measuring eleven (11) square roods fifteen (15) square feet. Deed of Transfer 27503/1965, dated 29 October 1965 (paragraph 9);

(x) certain piece of land, situate as above, being the remainder of Erf 622, Stellenbosch, measuring as per remainder thirty-six thousand eight hundred and seventy-nine (36 879) square feet. Deed of Transfer 27503/1965, dated 29 October 1965 (paragraph 10).

B. The Acting Provincial Secretary and the Superintendent-General of Education, in their capacity as Educational Trustees in terms of section 193 of Ordinance

Ordonnansie 20 van 1956 en dié se ampsopvolgers of regverkrygendes as die geregistreerde eienaars van—

(i) die resterende gedeelte van sekere stuk grond geleë in die munisipaliteit en afdeling Stellenbosch, synde gedeelte van die onderverdeelde Erf La E, groot as sodanig tweeduisend vyfhonderd ses-en-dertig (2 536) vierkante voet twintig (20) vierkante duim. Transportakte 27504/1965, gedateer 29 Oktober 1965 (paragraaf 1);

(ii) die resterende gedeelte van sekere stuk grond, geleë soos hierbo, synde gedeelte van die erf toegeken aan Marthinus Byleveld op 22 Februarie 1785 (Aktesregistrasie 1475, Stellenbosch), groot as sodanig ses (6) vierkante roede ses (6) vierkante voet twee-en-sewentig (72) vierkante duim. Transportakte 27504/1965, gedateer 29 Oktober 1965 (paragraaf 2);

(iii) die resterende gedeelte van sekere stuk grond, geleë soos hierbo, synde gedeelte van die onderverdeelde erf van die weduwee Vlotman, gemerk E (Aktesregistrasie 1476, Stellenbosch), groot as sodanig honderd vier-en-negentig (194) vierkante voet twee-en-vyftig (52) vierkante duim. Transportakte 27504/1965, gedateer 29 Oktober 1965 (paragraaf 3).

C. Die Onderwysstrustees kragtens Ordonnansie 5 van 1921 vir die skooldistrik Stellenbosch en dié se ampsopvolgers of regverkrygendes as die geregistreerde eienaars van—

(i) sekere stuk grond, synde Gedeelte 1 van Perseel RM, geleë in die munisipaliteit en afdeling Stellenbosch (nou beskryf as Erf 623, Stellenbosch), groot vier-en-tagtigduisend seshonderd vyf-en-twintig (84 625) vierkante voet. Transportakte 2459/1947, gedateer 15 Februarie 1947.

*Historiese en Argitektoniese Belang*

Al die geboue van die Rynse Pastorie-kompleks, wat opgerig is op grond wat in 1785 toegeken is aan Marthinus Byleveld, dateer uit die begin van die 19de eeu. Die hoofgebou is die voormalige pastorie van die Rynse Kerk en dateer uit 1815. Een van die agtervleuels van die H-vormige pastorie is verbind met die ander twee geboue wat deel van die kompleks uitmaak. Een hiervan, die sogenaamde Leipoldthuis met sy groot afmetings, dateer uit ongeveer 1832, terwyl die derde gebou met sy lae wolfendgewel, teen 1860 in 'n dubbelverdieping omskep is. Aan die een kant word die Rynse Pastorie-kompleks deur 'n lang ringmuur ingesluit.

P. VAN DER SPUY, Minister van Nasionale Opvoeding.

---

20 of 1956 and their successors in office or assigns as the registered owners of—

(i) the remaining extent of certain piece of land, situate in the Municipality and Division of Stellenbosch, being portion of the divided Erf La E, measuring as such two thousand five hundred and thirty-six (2 536) square feet twenty (20) square inches. Deed of Transfer 27504/1965, dated 29 October 1965 (paragraph 1);

(ii) the remaining extent of certain piece of land, situate as above, being portion of the erf granted to Marthinus Byleveld on 22 February 1785 (Deeds Registry 1475, Stellenbosch), measuring as such six (6) square roods six (6) square feet seventy-two (72) square inches. Deed of Transfer 27504/1965, dated 29 October 1965 (paragraph 2);

(iii) the remaining extent of certain piece of land situate as above, being portion of the divided erf of widow Vlotman, marked E (Deeds Registry 1476, Stellenbosch), measuring as such one hundred and ninety-four (194) square feet fifty-two (52) square inches. Deed of Transfer 27504/1965, dated 29 October 1965 (paragraph 3).

C. The educational trustees in terms of Ordinance 5 of 1921 for the School District of Stellenbosch and their successors in office or assigns as the registered owners of—

(i) certain piece of land, being Portion 1 of Lot RM, situate in the Municipality and Division of Stellenbosch (now described as Erf 623, Stellenbosch), measuring eighty-four thousand six hundred and twenty-five (84 625) square feet. Deed of Transfer 2459/1947, dated 15 February 1947.

*Historical and Architectural Interest*

All the buildings of the Rhenish Parsonage Complex, built on land granted to Marthinus Byleveld in 1785, date from the beginning of the 19th century. The main building is the former parsonage of the Rhenish Church and dates from 1815. One of the back wings of this H-shaped parsonage is connected with the other two buildings forming part of the complex. Of these the so-called Leipoldt House with its large proportions dates from approximately 1832, while the third building with its low dormer gable was converted into a double-storey in about 1860. On one side, the Rhenish Parsonage Complex is enclosed by a long circular wall.

J. P. VAN DER SPUY, Minister of National Education.

---

No. 1391 11 Augustus 1972

## WET OP DIE NASIONALE ONDERWYSBELEID, 1967.—NASIONALE ONDERWYSRAAD — AANSTELLING VAN LEDE

Kragtens die bevoegdheid die Minister van Nasionale Opvoeding verleen by artikel 4 (1) van die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid, 1967 (Wet 39 van 1967), is onderstaande persone met ingang van 1 Augustus 1972, tot lede van die Nasionale Onderwysraad aangestel:

(a) Ingevolge artikel 4 (1) (a): Prof. dr. H. B. Thom, as voorsitter aangewys (deeltyds).

(b) Ingevolge artikel 4 (1) (d) ten opsigte van 'n fakulteit of departement van opvoedkunde van 'n universiteit in—

(i) die provinsie die Kaap die Goeie Hoop: Prof. dr. P. S. du Toit;

(ii) die provinsie Oranje-Vrystaat: Prof. dr. J. J. Fourie.

(c) Ingevolge artikel 4 (1) (e) uit die geledere van die universiteite: Prof. dr. E. J. Hart.

(d) Ingevolge artikel 4 (1) (h): Prof. dr. S. J. Preller, Mej. V. C. Paver.

No. 1391 11 August 1972

## NATIONAL EDUCATION POLICY ACT, 1967.—NATIONAL EDUCATION COUNCIL—APPOINTMENT OF MEMBERS

Under and by virtue of the powers vested in the Minister of National Education by section 4 (1) of the National Education Policy Act, 1967 (Act 39 of 1967), the following persons have, with effect from 1 August 1972, been appointed members of the National Education Council:

(a) In terms of section 4 (1) (a): Prof. H. B. Thom, designated as Chairman (part-time).

(b) In terms of section 4 (1) (d) in respect of a faculty or department of education of a university in—

(i) the Province of the Cape of Good Hope: Prof. P. S. du Toit;

(ii) the Province of the Orange Free State: Prof. J. J. Fourie.

(c) In terms of section 4 (1) (e) from among the universities: Prof. E. J. Hart.

(d) In terms of section 4 (1) (h): Prof. S. J. Preller, Miss V. C. Paver.